KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT

FASE 3 - WATERBEPERKINGS

Kennis geskied hiermee dat in terme van die Water Verordening Artikel 46 van 3 Oktober 2005, die Munisipale Bestuurder waterbeperkings instel vir die hele Kaap Agulhas munisipale area vanaf **9 Februarie 2018 tot verdere kennisgewing** weens lae reënval en beperkte watervoorraad. Die huidige damvlakke van die damme wat water aan Kaap Agulhas Munisipaliteit voorsien, is naby die 30% vlak.

Die volgende beperkings word ingestel:

Die nuwe waterbeperkings is 20kl per huishouding en 50kl per besigheid per maand. Enige huishouding of besigheid wat die beperking oorskry, sal aanspreeklik wees vir die betaling van die goedgekeurde hoër tariewe wat op hulle gebruik van toepassing is.

Verbruikers word versoek om hulle water gebruik te bestuur binne die beperking.

Neem kennis:

Dit is raadsaam vir elke inwoner om sy/haar watermeter daagliks te lees om sodoende moontlike lekkasies spoedig te identifiseer en om waterverbruik effektief te bestuur.

Vir navrae en indien hulp benodig word kontak die plaaslike munisipale kantore.

Water is 'n gedeelde hulpbron. Moenie meer as jou deel gebruik nie.

Bespaar water.

Navrae kan gerig word aan Mnr. Deon Wasserman by Tel: 028 425 5500
of e-pos DeonW@capeagulhas.gov.za

Kaap Agulhas Munisipaliteit
Cape Agulhas Municipality
U Masipala Wasecape Agulhas